**15 Junie** **Skrifgedeelte: Spreuke 8:1-36**
**Fokusgedeelte: Spreuke 8:1-5**

**Vrouewysheid**

Wysheid word as ’n vrou uitgebeeld, ’n goeie vrou wat ’n mens op ’n verstandige pad lei. As jy na vrou Wysheid luister, geniet jy die guns van die Here (vs 35), maar anders het jy die dood lief!

Sy gaan staan op besige plekke waar baie mense verbykom. In die openbaar nooi sy hulle uit om ervaring en insig te kry. Vrou Wysheid staan teenoor die slegte vrou wat in die donker rondsluip (Spr 7:9-10). Sy, Wysheid, maak aanspraak op betroubaarheid en eerlikheid. Dit wat sy aanbied is waardevoller as silwer, die fynste goud en edelstene! In Spreuke word ernstig gewaarsku teen die slegte vrou, maar die deugsame vrou se lof word ook besing.

*Wat is wysheid?* Job leer in Job 28:28: “Om die Here te dien, dit is wysheid, om die kwaad te vermy, dit is insig.” *Waar kom wysheid vandaan?* Spreuke 2:6 gee die antwoord: “Dit is die Here wat die wysheid gee, uit sy mond kom die kennis en die insig.”

Dit is duidelik dat wysheid die sleutel tot die lewe is. Dit gaan goed met die mens wat wysheid het. Hy geniet en leef die lewe in die volste sin van die woord. As jy jou losmaak van wysheid, maak jy jou eintlik los van die lewe. Jy is eintlik dood terwyl jy nog lewe. As jy wysheid nodig het – en wie het nie – moet jy dit van God vra. Jy móét vra, nie kán of mág nie. Dit is ’n bevel. God belowe dat Hy sál gee, sonder voorbehoud en sonder verwyt.

In 1 Korintiërs 1:24 lees ons dat Christus die krag en wysheid van God is. Hierdie krag en wysheid is baie sterker en meer werd as enigiets wat die wêreld kan bied. Deur die geloof is Christus jou wysheid en krag om voluit te leef, of jou lewe nou met beproewing, hartseer, siekte of vreugde gevul is.

*Sing: Psalm19:4* *Ds. W Vogel (Cachet)*